

# LAERSKOOL LORRAINE

Geagte Ouers/Voogde

Dit is vir ons baie aangenaam om u en u kind by ons skool te verwelkom. Ons glo en vertrou dat die inhoud van hierdie brief aan u al die moontlike inligting sal verskaf sodat u kind sy/haar skoolloopbaan op ‘n positiewe noot kan begin.

Ons beplan om op **Saterdag, 19 Oktober 2019** vanaf **09:00-11:00** ‘n inligtingsoggend vir graad 1 ouers/voogde en kinders by die skool te hou. Almal moet asseblief in die skoolsaal bymekaar kom. Leerlinge sal in groepe verdeel word en die volgende stasies deur die loop van die oggend besoek: rekenaars, liggaamlike opvoeding, klimraam, klaskamer en koekversiering. Alle leerlinge sal hul ouers/voogde om 11:00 in die skoolsaal ontmoet.

‘n Inligtingsessie sal in die saal aan ouers/voogde aangebied word. Ouers/voogde is welkom om **na** die afloop van hierdie sessie tussen die verskeie aktiwiteite deur te stap. **Geen ouers** sal tydens die inligtingsessies by enige leerling-aktiwiteite toegelaat word nie. Die ondersteunersklub sal koffie en tee na afloop van die inligtingsessie bedien.

Tydens hierdie byeenkoms kan die volgende items vanaf 08:20, asook na afloop van die inligtingsessie aangekoop of bestel word:

- sporthempies
- stoelsakkies
- haarbenodigdhede
- sakwapens
- skooltasse
- sportsakke
- naamstrokies vir merk van items

Geen kredietkaart-fasiliteite sal beskikbaar wees nie. Bring asseblief kontant vir u aankope.

Skakel asb vir Jenny Abraham (041-367 1115) teen Vrydag, 4 Oktober 2019 om u kind se plek vir die opedag te bespreek.

U kind benodig die volgende items vir gr. 1:

- ‘n Verpligte skryfbehoeftepak wat al die nodige skryfbehoeftes vir u kind se eerste jaar bevat. Dit sal vanaf 1 November 2019 by Trink Consumables, Newtonstr. 61, Newton Park beskikbaar wees. Die pak sal R360,00 kos. Die kontakpersoon daar is Kirsty Daniels (041 365-7791). **Alle items moet duidelik gemerk en in ‘n *2-liter roomysbak* verpak word**. Skryfbehoeftes moet asseblief in hul **oorspronklike verpakking** gehou word en leerlinge moet dit op Dinsdag, 14 Januarie 2020 saam skool toe bring. Dit sal veilig bewaar word totdat dit benodig word.
- ‘n Voorskoot met langmoue of ‘n ou langmouhemp vir kuns.
- ‘n Verpligte Lorraine-skooltas teen R250,00 elk. Skryf asseblief u kind se naam, van, graad en telefoonnommer binne-in die tas.
- ‘n Spesiale grootte stoelsak wat by die inligtingsoggend en skool beskikbaar is teen R85,00.
- ‘n Lorraine-sporthemp vir liggaamlike opvoeding, uitstappies en sport.

Bogenoemde items moet deur die ouers/voogde aangekoop word.

Die volgende items word deur die leerkragte bestel om dit vir u te vergemaklik en eenvormigheid te verseker:

- Woordeboek - Dit word vanaf Junie gebruik. Dit bly u kind se eiendom en word tot in Graad 4 gebruik.
- Skryfboeke - Ons bestel dit vanaf ons skool se boekkamer.
- Dik plastiese oortreksels vir u kind se boeke.
- 'n Voorbereidingsboek wat gedurende die eerste paar weke gebruik word om die vlak van u kind se vaardighede en waarnemingsvermoëns te bepaal.
- 'n Materiaalsakkie vir leeswoorde.
- 'n Materiaalsakkie vir skêr, gom, potlood en skerpmaker.

Die koste vir die items sal ongeveer R250 beloop. Begroot asseblief solank hiervoor. Die geld sal eers aan die einde van Januarie 2020 van u verhaal word en is betaalbaar by die klasonderwyseres.

Raadpleeg asseblief die Prospektus vir die korrekte skool- en sportdrag. Die skoolbaadjie is vanaf die tweede kwartaal verpligtend. Ons kan nie genoeg beklemtoon hoe belangrik dit is dat ELKE kledingstuk (ook onderklere en skoene) sowel as enige ander artikel (ook kosblikke) DUIDELIK gemerk moet word nie (voornaam en van asseblief). Dit skakel oneindige probleme en tydverspilling uit. Ons vra u vriendelike samewerking in hierdie verband.

Ons wil verseker dat die graad 1's hul eerste skooldag met selfvertroue kan aanpak. U en u kind word dus uitgenooi om op **Dinsdag, 14 Januarie 2020 om 08:00** in die skoolsaal bymekaar te kom. U sal aan die graad 1 onderwyseresse voorgestel word en die leerlinge sal dan die saal saam met hulle nuwe juffrou verlaat. Hulle sal ongeveer 30 minute in hul nuwe klas spandeer. Ouers/voogde is welkom om dan in die voorportaal te vergader en ander ouers/voogde beter te leer ken terwyl u vir u kind wag. Geen ouers/voogde sal in die skool voor klasse toegelaat word nie. Leerlinge hoef nie skooldrag vir hierdie besoek aan te trek nie. Hul eerste amptelike skooldag is **Woensdag, 15 Januarie 2020.**

Alle graad 1-leerlinge gaan vir die eerste paar weke om 12:00 huis toe. Vanaf Maandag, 3 Februarie 2020 sal hul egter om 13:00 huis toe gaan. Vrydae sluit die skool vir alle leerlinge om 12:50.

Die skool het 'n tweedehandse klerewinkel. Die klerewinkel is op Maandae van 14:00-14:30 en op Donderdae van 07:30-08:00 oop. Die klerewinkel sal op Dinsdag, 14 Januarie 2020 vanaf 07:30-09:00 oop wees.

Ons wens u alle voorspoed toe met die voorbereiding van u kind se graad 1-jaar. Kontak ons gerus indien daar enige onduidelikheid is. (Tel. 041 367-1115)

Vriendelike groete

MEV. C. LOKOTSCH EN P.FOURIE | J.J. HARMSE

**<u>DEPARTEMENTSHOOFDE : GRONDSLAGFASE</u>** | **<u>SKOOLHOOF</u>**

2019-09-20